# Gebedsbulletin No. 15 van 2024

## 14 April 2024

Deon Serfontein Sel No.: +27 83-288-7555

# God hou van *useless* mense?

Nadat die oorsese ontwerper, Philippe Starck, een aand in 'n restaurant gesukkel het om suurlemoensap oor sy vis uit te druk, het hy besluit om 'n suurlemoenversapper te ontwerp. Hy het 'n skets op 'n servet in die vorm van 'n traandruppel met drie bene gemaak. Dit is die *Juicy Salif* gedoop. Hierdie ontwerp was dadelik 'n dawerende sukses, self al het dit nie te goed gewerk nie! Die servet met die skets het in die Alessi Museum in Milan opgeeïndig. *Juice Salifs* het in Amerikaanse kunsmuseums beland, en wetenskapfiksiefilms het dit as 'n model vir hulle ruimteskepe begin gebruik.

Tegnies is die *Juicy Salif* is 'n *useless* sukses. Selfs Starck moes erken: "*It's not meant to squeeze lemons; it is meant to start conversations*." Net dalk werk genade ook so. Nee, wag, dit doen! God hou van *useless* mense wat disfunksioneel en verlore geraak het. Hy hou van mense, wat nie ewe veel van Hom hou nie. Daarom het Jesus ons kom opsoek. Hy dra elkeen, wat Sy genadehand vasgryp eiehandig terug na Sy Vader se huis. In Sefanja 3:17 se woorde is God nou stil tevrede oor ons. Ons bring groot vreugde vir Hom. In 2 Korintiërs 3:18 se woorde verander Hy ons al hoe meer om Sy glorie uit te straal. God weier dat daardie twee woorde,waarvan die woord *useless* afstam, naamlik use en less, van ons waar is. Hy self verklaar ons tot *useful* vir Homself. Hy self, maak ons bruikbaar in Sy diens.

***Geskryf deur Stephan Joubert***

## Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

## Voorbidding vir lidmate

Lottie Conradie
Jaco Steenkamp
Willie Britz
Johnny Viviers
Annie Brink
Annika Kilian
Leonie Kruger
Sumari Pretorius
Jillian Jansen
Annetjie Pienaar
Ockie Fourie
Jaap Naudé
Flippie Roslee
Tannie Bets Coetzee
Willie Viljoen
Jurie Matthee
Marinda Jordaan
Tannie Rina vd Vyver




*__Byvoorbaat baie dankie vir jou dankoffer . . .__*
**ABSA Sasolburg; Tjek Rekening**
**Rekno.: 0520580654**
**Takkode: 632005**

## Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd saam met my die pad loop!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- HERE, ek het U lief! AMEN







Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in